A. Ons *is* 'n span in ons huwelik.

Kinders **se belewenis**:
Ons staan saam

Kinders **se woorde**
"Dis lekker dat ons Pêlle is"

Gevolge
Rus en harmonie



B. Span *bly heel* maar konflik met Pa bedreig span se eenheid



4. Skoonseun **se belewenis**:
Kry seer, word vies –

Gevolge
Skoonseun word kwaad sy
skoonpa word sy vyand

Skoonseun **se woorde**:
"Jou pa is 'n regte korrelkop"

C. Ons span ***word bedreig***



5. Skoonseun se **belewenis**:
Verwarring wat gaan nou hier aan?
"My vrou ondersteun my nie."

Skoonseun se **woorde**:
"Aan wie se kant is jy nou eintlik?"

Gevolge

- Spanning ontwikkel tussen man en vrou

D. Ons span ***is tot niet***



6. Skoonseun se **belewenis**:
My vrou en haar pa "team op" teen my nou is my vrou deel van die vyand.

Skoonseun se **woorde**:
"Jy verstaan nie"

Gevolge

- Agressie tussen Pa en skoonseun
- Spanning ontwikkel tussen man en vrou

E . Ons span ***kan herstel word***



5. Dogter se **belewenis:** voel verwerp deur haar man besef **moet** haar **optrede verander**.

Dogter se **woorde:**
"*Jy voel seker vreeslik verneder? Jy is reg hy is 'n korrelkop.*

Skoonseun **se woorde**
"Dankie tog **nou** verstaan jy"

Gevolge
Span se eenheid **begin** herstel.

F. Ons span ***is herstel***



5. Skoonseun **se belewenis**
Jy is nie meer my opponent nie

Skoonseun **se woorde**
"Dankie dat jy verstaan"

Dogter se **belewenis:**
Voel man aanvaar haar

Gevolge
Span se eenheid **is herstel**.
Dogter verander optrede

Die grootste fout wat gemaak word in 'n huwelik is wanneer daar konflik ontstaan met 'n 3de party soos met die skoonouers, klink so:

Die skoonseun en sy vrou is rustig en het vrede. Skielik val die skoonpa die skoonseun aan. Die skoonseun kry seer en verdedig sy saak en val ook die skoonpa aan.
Die dogter is bang as sy haar man toelaat om skerp en oordrewe dinge van haar Pa te sê, dan tree sy onverantwordelik en onchristelik op. Sy dink dis haar plig om haar man in bedwang te hou.
Haar bedoeling is reg en goed, maar haar metode en tydsberekening is verkeerd Sy besef nie dat sy die verkeerde manier gebruik en dat haar tydsberekening verkeerd is nie. Sy sê vir haar man dit wat hy sê is nie waar nie, hy vergroot of veralgemeen, as hy sê haar pa is ALTYD so 'n KORRELKOP.
Dadelik voel die man dat sy vrou teen hom gedraai het en dat sy en haar Pa teen hom "opteam"
Daar ontstaan spanning tussen die skoonseun en sy vrou. As die spanning lank genoeg aanhou word sy vrou sy vyand en hulle baklei met mekaar in plaas van dat die skoonpa die vyand is en die aggressie teen hom gerig is.

Die korrekte manier van optrede lyk anders

Ter wille van die dinamika in hulle huwelik maak dit nie nou saak of hy vergroot of veralgemaan nie. Die regte manier is: Sy moet hom toelaat om al hierdie skerp en selfs oordrewe dinge te sê. Sy moet stilbly en geen kritiek lewer of argumenteer nie. Sy moet sy seer emosies probeer "raakhoor" en "raaksien." Daardie seer emosies moet sy erken besef dit is vir hom werklik en dit vir hom sê. "Ek sien dat jy baie seergekry het. Ek sien dat my Pa jou baie verneder het." Die tegniek word AKTIEF LUISTER genoem.

Jy kan meer inligting hieroor kry deur op my webblad te soek onder "Downloads." Daar is 'n artikel hieroor.

As die skoondogter dit nie doen nie dan beleef die skoonseun dat sy vrou nou haar Pa se kant kies en teen hom draai. Hy voel sy vrou en haar Pa staan nou saam ("Team op teen hom") nou word sy deel van die vyand en hy staan alleen.

Die skoondogter se bedoeling is reg naamlik om haar man te troos. Daarom sê sy: "Toemaar my Pa is altyd so, moet jou nie aan hom steur nie." Haar man se persepsie van die hele saak is anders. Hy voel dat sy vrou haar Pa se kant kies en teen hom draai.

Hy voel verwerp en verraai en sê vir haar: "Jy verstaan nie."
Daar begin verwydering en spanning in die verhouding kom.